VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Wat het Ananias gedoen?
2. En wat het gebeur met hom?
3. En Saffira?
4. Hoekom het hulle gejok?

Dinsdag

1. Wat sien jy in die storie?
2. Mag jy jok?
3. Hoekom nie?
4. Waaroor het jy al gejok, en wat was die nagevolge?

Woensdag

1. Wat het Barnabas gedoen?
2. Vir wie/wat het hy al sy geld gegee?
3. Hoekom wou Ananias en Saffira ook soos Barnabas maak?

Donderdag



1. Wat kan jy doen as jy perongeluk gejok het?
2. Wat moet jy doen as jy hoor iemand jok?
3. Hoe kan jy die kerk en arm mense help?

Handelinge 4:32 en 5:1-10
Alle keuses het nagevolge. Ananias en Saffira jok

Spreuke 1:10: "My seun, as die sondaars jou wil verlei, moet jy nie inwillig nie."

Het jy al gesien wanneer `n juffrou `n toets merk? Sy maak sulke rooi reg- of verkeerd-merkies. Wanneer die antwoord verkeerd is, moet sy dit verkeerd merk. Die juffrou mag nie die verkeerde antwoord reg merk omdat sy van die leerder hou nie. Die juffrou moet regverdig wees.

Weet julle dat die Here ook regverdig moet wees? Wanneer ons maak asof ons goed doen, maar dit nie regtig doen nie, weet die Heilige Gees dat ons jok. Die Here moet ons dan oordeel. Ananias en Saffira van wie ons in die Bybel lees, het ook voorgegee dat hulle iets goeds doen.

In die eerste kerk het al die mense mekkaar gehelp. So het Barnabas `n stuk grond verkoop en al die geld vir die apostels gegee om arm mense mee te help. Ananias en sy vrou het dieselfde gedoen, maar hulle het besluit om `n deel van die geld van die grond vir hulleself te hou. Hulle het vir Petrus, die Apostel, gesê dat hulle al die geld van die grond vir die kerk gee. Hulle wou ook soos Barnabas deur mense geprys word. Hulle het gedink niemand sou weet nie.

Toe sê Petrus: "Ananias, waarom het julle, julle deur satan laat verlei om vir die Heilige Gees te lieg?" Petrus verduidelik toe dat niemand vir Ananias gevra het om die grond te verkoop nie. Hy kon die grond gehou het en selfs al die geld vir homself gehou het. Maar toe wil hy spog dat hy ook goed doen.

Toe Ananias hierdie woorde hoor, het hy dood neergeval. Jongmanne het opgestaan en hom gaan begrawe. Net toe kom sy vrou Saffira, daar aan. Petrus het haar gevra: "Sê vir my of julle die grond verkoop het vir soveel?" En sy sê: "Ja, vir soveel."

En Petrus sê vir haar: "Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra. "Toe val sy onmiddelik dood voor sy voete.

Ons kan kies of ons die regte of die verkeerde dinge wil doen. Wanneer ons die verkeerde dinge doen en voorgee dat ons die regte dinge doen, dan jok ons.

Here, help my asseblief om altyd my beste te doen.

Help my om nie voor gee nie, maar om eerlik te wees.

AKTIWITEIT VIR DIE WEEK

BEGRAWE
APOSTEL
BARNABAS
VOORGEE
REGVERDIG
VERLEI
APOSTELS
BYBEL
LIEG
PETRUS
GEHELP
HEILIGE GEES
SAFFIRA
JOK
ANANIAS

O	L	W	N	P	L	E	T	S	O	P	A	K	R	H	U	I
K	P	D	A	M	W	H	W	K	R	D	E	D	G	P	N	W
Y	X	B	S	A	J	A	U	S	K	W	T	H	U	L	W	C
I	K	Y	M	N	H	V	D	Y	A	M	W	E	X	E	I	A
E	I	B	P	A	Q	B	X	R	W	L	F	I	M	H	E	M
L	S	E	Y	N	J	R	G	I	Z	I	T	L	Q	E	R	R
R	D	L	A	I	Z	E	G	N	O	X	L	I	E	G	W	A
E	D	R	L	A	B	Q	L	L	B	P	M	G	E	J	G	R
V	C	O	C	S	E	N	D	L	B	F	X	E	C	X	D	E
S	X	S	A	K	A	C	I	Y	O	K	E	G	I	Z	B	G
V	U	S	A	R	W	P	E	A	O	B	J	E	F	L	B	V
O	B	V	U	B	M	V	O	J	R	R	U	E	Q	H	P	E
O	Q	U	Z	R	A	N	E	S	R	I	O	S	Y	C	T	R
R	K	P	T	C	T	N	C	L	T	A	F	D	J	J	D	D
G	W	A	X	L	P	E	R	N	L	E	L	F	H	K	W	I
E	I	G	Q	J	L	T	P	A	C	K	L	J	A	T	D	G
E	W	H	N	I	X	G	V	W	B	T	Y	S	G	S	J	Q